higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N860**(A)**(M31)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010454)

31 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Wit A4-tikpapier

Kandidate moet hul eie toerusting en hulpmiddels bring wat vir Patroonkonstruksie nodig is. Slegs die blokke wat in hierdie vraestel verskaf word, mag gebruik word.

Kandidate het tekeninstrumente en 'n swart fynomlynpen nodig.

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 3 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf net die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die grondslag van die plat patroonmaakstelsel en die grondslag van ander sekondêre grondpatrone:

A Tabberdblokpatroon ('Dress block')
B Basiese blokpatrone
C Baadjieblok
D Moublok

1.2 Die grondslagblok wat die natuurlike lyne van die figuur volg en die korrekte verhoudings en passing/pasvorm verskaf waaruit meer gespesialiseerde blokke gemaak kan word:

A Merkers ('Markers')
B Tekentoerusting
C Werkpatroon ('Working pattern')
D Primêre blokke

1.3 'n 'n Aanpassing van die standaardblok wat gemaak is om by die vereistes van 'n vervaardiger te pas:

A Finale patroon
B Patroonstukke
C Handelsblokke ('Trade blocks')
D Lang middel/middellyf ('waist')

1.4 Hierdie blokke kan uit die basiese blokke ontwikkel word wat deur direkte ontwerp vervaardig word:

A Sekondêre blokke
B Regaf romp
C Kimono
D Raglan

1.5 Gefatsoeneerde gedeeltes van 'n gestileerde patroon wat uit papier van die basiese grondslagblokke sonder naattoelatings geknip word

A Blokpatroon
B Finale patroon
C Saamsmelt ('Fuse')
D Werkpatroon ('Working pattern')

Kopiereg voorbehou

1.6 Ten volle voltooide gestileerde patroon met naattoelatings bygevoeg en alle toepaslike patroonmerke wat in die korrekte posisies geplaas is, plus patrooninligting en alle strukturele toevoegsels:

A Pylnaat
B Meesterpatroon
C Konstruksielyn
D Patroon

1.7 'n Patroonstel wat verbeter en vervolmaak is en elke patroonstuk bevat om die kledingstuk te voltooi:

A Patroongradering
B Merkers ('Markers')
C Produksiepatroon
D Basiese blokpatroon

1.8 Papierlengte wat 'n afskrif van alle patroonstukke bevat wat saam geknip moet word:
ALLE patroonsimbole moet op die patroon verskyn.

A Liniaal
B Patroonkaart/-tabel/-grafiek ('chart')
C Paslyn
D Merkers ('Markers')

1.9 Om die vertikale en laterale lyne te teken op papier of kaart van sekere mates wat van 'n menslike figuur geneem is en om op hierdie lyne die gevraagde buitelyn van 'n basiese blokpatroon te vorm

A Patroonkonstruksie
B Patroonmanipulasie
C Tekenlyne
D Patroonlyn

1.10 Die aanpassing en stilering van basiese grondslagblokke om enige gevraagde ontwerp vir 'n kledingstuk of 'n deel daarvan te maak

A Naattoelating
B Stiklyn
C Patroonontwerp
D Tekenlyn

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Gee EEN woord of term vir elkeen van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 'n Praktiese manier om patrone te maak deur materiaal vir die kledingstuk direk op die figuur of 'n paspop te modelleer

2.1.2 Die konstruksie van blokke en patrone op papier op 'n plat oppervlakte

2.1.3 Een hiervan is 'n tipe plat ontwerpstelsel

2.1.4 Mates word geneem as die basiese mate waarvan sekere verhoudings gebruik word om 'n basiese blok te ontwerp om 'n gemiddelde figuur te pas

2.1.5 Mates word direk van 'n figuur geneem en hierdie blokke kan ontwerp word om individuele figure te pas

(5 × 2) (10)

2.2 Verduidelik hoe jy die volgende figuurmates op 'n volwassene vrouefiguur sal nee, Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 Bors

2.2.2 Heuplengte

2.2.3 Heupmate

2.2.4 Dwars oor die vors

2.2.5 Romplengte

(5 × 3) (15)

2.3 Identifiseer die beplanningsproses van 'n lyfieblokpatroon vir 'n vyfjarige dogter, soos geïlustreer in die skets (1–15) hier onder.



(15)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

Konstrueer die basiese mou vir 'n vyfjarige seun se hemp in half skaal volgens die volgende mates en instruksies:

VOORGESKREWE MATES: (GROOTTE 5)

Skouer tot elmboog	22 cm
Om die boarm	23,5 cm
Mouboordjie	21,5 cm

INSTRUKSIES:

Teken in halwe skaal 'n afwaartse lyn links op die papier en dan aan die bokant/ Trek 'n vierkantige lyn na regs. Merk hierdie punt 1.

1–2	=	Skouer tot elmbooglengte af gemeet Vir kort moue af Trek 'n vierkantige lyn na regs 22 cm
1–3	=	Mate om die boarm, plus 2 cm vierkantige lyn na regs 25,5 cm
4	=	waar 2 en 3 ontmoet Voltooi die reghoek (1–2 = 3–4)
5	=	Halfpad tussen 1 en 3
6	=	Halfpad tussen 2 en 4. Verbind 5 en 6.
1–7	=	'n Kwart van die skouer na die pols af gemeet *
3–8	=	Die afstand van 1 tot 7. Verbind 7 en 5 met 'n stippellyn. Verdeel lyn 7 na 5 in drie, en merk 9 en 10
10–11	=	Trek 'n vierkantige lyn 1,5 cm boontoe. Verbind 8 met 5 met 'n stippellyn. Verdeel lyn 5 na 8 in drie, en merk 12 en 13
12–14	=	met 'n vierkantige lyn 1 cm boontoe.

Verlaag 6 mm tussen 7-9 en 8-13 vir die armholtekurwe. Maak 'n kurwe van 8 af na 13 en verleng die vorm van die moukop van 13 tot 14 deur 5 tot 11, en maak 'n ronding tot by 9 en af na 7.

2–15	=	1,5 cm na regs Verbind 15 met 7 vir die agteronderarmlyn.
4–16	=	1,5 cm na links Verbind 16 met 8 vir die vooronderarmlyn.
6–15	=	½ van die mouboordjiewydte + 1,2 cm
6–16	=	Dieselfde mate as 6-15

Verbind 7–15 en 8 to 16
Benoem blok
Voeg die draadrigtinglyn by.

[40]

VRAAG 4

Bestudeer die volgende sketse. Gebruik die lyfieblokpatroon op BYLAE A en beplan die vyfjarige se Amerikaanse skouerbostuk met rygplooie in die lyfie in halwe skaal.



Gebruik die volgende mates en instruksies.

Belegseldiepte	5 cm
Knoopdeursnee	1,5 cm
Knoopstrook	1,5 cm
Knoopspasiëring	7 cm
Skouerstukdiepte voor	3 cm
Skouerstukdiepte middelagter	5 cm

4.1 Lê die beplanning van die bodeel van die Amerikaanse skouerstuk met rygplooie voor. (32)

4.2 Dien die werkpatroon van die skouerstuk in. (8)

[40]

INSTRUKSIES:

Voeg die knoopstrook by en merk die knoop- en knoopsgatposisie.
Bring die skouernate voor en agter in lyn.
A = Middelagterneklyn
A–B = 5 cm by die middelagter trek 'n reghoek na links na C by die armholte
Dui die kniplyn aan.
D = Skouerneklyn voor en agter
D–E = 3 cm
F = by die skouerpunt
F–G = 3 cm van die skouerpunt to by die armholte voor
Verbind G met E.
Dui die kniplyn aan.
Verdeel B tot C en H tot E in drie gedeeltes, merk en teken 'n reghoek van die kniplyn tot by die soomlyn.
Teken die voorbelegsel.
Teken die skouerstuk van A tot B tot C tot F tot D tot E tot G en terug na F na.
Teken die draadrigtinglyne en benoem die patroon.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Bestudeer die skets hier onder en gebruik die kopieë van die damesromp met platplooie en gebruik die blok, grootte 13 op BYLAE B (aangeheg) op vyfde skaal, en dien die volgende in:

Mates:

Plooidiepte	8 cm
Ritslengte	20 cm
Ritsnaattoelating	2 cm
Naattoelating	1,5 cm
Soomtoelating	2 cm



INSTRUKSIES:

A	=	Middelvoormiddellyn
B	=	Middelvoorsoomlyn
A–C		8 cm by die middellyn
B–D		8 cm by die soomlyn

Teken die kniplyne. Verbind C–D.
Dui die kniplyne aan.
Skuif die pylnaat na die kniplyn.
Om te manipuleer, sny langs die kniplyn.
Skuif plooi twee maal (2 x 8 cm) plooidiepte uitmekaar.
Dui die plooi en die rigting aan = na die middelvoor.
Merk die draadrigtinglyn, benoem die patroonstukke en voeg naattoelating by.
Dui die stiklyn en die posisie van die rits aan.

5.1 Dien die beplanning van 'n romp met stolpplooie in. (25)

5.2 Dien die finaal van die voorkant in. (25)
[50]

VRAAG 6

Gebruik die basiese dameslyfiepatroonblok, grootte 13 (op BYLAE C), en dien slegs die beplanningspatroon van die volgende pylnaatbewerking op vyfde skaal aan.





6.1 Dien die beplanning van die skouerpylnaat aan die semiprinseslyn in. (10)

6.2 Dien die beplanning van die skouerpylnaat aan die onderarmpylnaat aan. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A



Kopiereg voorbehou

BYLAE B



BYLAE C





Kopiereg voorbehou